Dienelkander

Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Oos

28 Februarie 2021

EREDIENS EN INTYDSE UITSENDING:
Ds. Piet

Ons het in week twee van ons Fokustyd, gefokus op die wonderlike nuus dat Jesus Christus die Koning van die ganse wêreld is! Dat al die mag in die hemel en op die aarde aan Hom behoort! Watter wonderlike nuus is dit nie!

Ons het ook gehoor dat almal - gelowiges en ongelowiges - voor Hom moet buig! Psalm 2 het beklemtoon dat die ongelowige mense en wêreldleiers alles in hulle vermoë doen om hierdie heerskappy van Jesus om ver te werp! Maar ook hulle moet voor Hom buig!

Om hierdie Skrifwaarheid te realiseer het ons geleer dat ons as gelowiges die taak het om hierdie Koningsheerskappy van ons Here met alle mense te deel! Elkeen wat ons pad kruis moet daarvan hoor sodat hulle Hom ook as hulle Koning kan dien.

Die Here lei ons vanmore deur Psalm 2 om hierdie vraag te vra: Is ek en jy besig om hierdie opdrag uit te voer? Haal ons die maskers af en vertel of bly ons maar bang agter ons maskers wegkruip en laat toe dat die fopnuus van Satan mense se denke bly oorheers?

Ontmoetingsdiens
Intreelied: Ps. 98-1: 3; Votum; Seën uit Open 1; Loflied Ps. 2-1: 1, 2 (2 de Mel); Geloofsbelydenis: Geloofsbelydenis van Nicea

Verootmoedigingsdiens
Wetlesing: Eksodus 20; Sing Ps. 93-2: 1, 2, 5 (mel Lied 582); Gebed

Woorddiens
Skriflesing: Psalm 2; Woordverkondiging

Antwoorddiens
Sing Ps. 96-1: 1, 2, 5, 6; Gebed; Sing Ps. 99-2: 1; Seën; Amenlied: Sb. 13 -3.

Liefdegawes by die deure: albei kollektes vir die Diakonie.

FOKUSTYD: WEEK DRIE

Hierdie week fokus ons op die kragtige uitwerking van Jesus se opstanding uit die dood op elkeen van ons se lewe. Ons het saam met Jesus opgestaan en dit beteken dat elkeen van ons die krag van die nuwe lewe ontvang! Nou kan ons as nuwe mense lewe! Mag die Here deur hierdie week se studie ons opnuut bewus maak van die wonders wat Jesus se opstanding vir ons inhou!

MEELEWING

- Lien Kruger (Rosetuin 13, groep 1 - 072 458 0250) moet Maandag ‘n hartomleidingsoperasie in Anncron Hospitaal, Klerksdorp ondergaan. Dit is ‘n groot operasie en ons bid dat die Here sy hand oor haar sal hou.

ONS GROET

Anton, Kiewiet en Martin Scheppel wat met attestaat vertrek na GK George. Hulle was 21 jaar lidmate van ons gemeente en ons wens hulle alles wat mooi is toe vir hierdie nuwe fase van hulle lewe.

ONS VRA VOORBIDDING VIR DIE VOLGENDE LIDMATE WAT SUKKEL MET SIEKTE OF SWAK GESONDHEID

Isak vd Walt, Magdaleen Venter, Lana Labuschagne, Estette Bredenkamp, Annette Coetsee, Joe Coetzee en Annatjie Duvenage.

ONDERSTEUNING VIR SIEKES

Vir ondersteuning of besoeke kontak ds. Piet of u ouderling om die nodige reëlings te tref.

PROGRAM VAN DIE WEEK

Vandag
09:30 Erediens in die kerkgebou en saal
11:00 -12:00 Jeugaksie

Dinsdag
06:00 Manne Ondersteuningsgroep
17:00 Eiendommediensgroep
17:15 Katkisasie graad 11

Woensdag
09:30 Bybelstudie
17:15 Katkisasie graad 8
18:00 Katkisasie graad 9
18:30 Katkisasie graad 10
18:30 Gebed en Ondersteuning
19:00 Fokustyd aanlyn vrae en bespreking

Donderdag
18:00 Elim Bybelstudie

UITREIK NA POTCHEFSTROOM HOSPITAAL EN MOOIMED

Die oorweldigende positiewe en dankbare reaksie wat ons van die personeel van Medikliniek ontvang het na ons uitreikprojek, het ons aangevuur om dieselfde projek ook te doen vir die ander twee hospitale. Ons gee dus vir lidmate wat dalk weer wil bydra of lidmate wat nie met die vorige projek kon deelneem nie, geleentheid om ‘n sjokolade of pakkie koekies te skenk en ‘n kaartjie daarby te maak waarop ons die gesondheidwerkers bedank vir hulle harde werk en vir die persoon ‘n mooi teksvers en gebed neerskryf. Skryf ook jou/julle gesin se naam en van daarby - dit maak dit persoonlik en eg!

Ons gee tyd tot **Sondag 7 Maart** vir die afdra van hierdie ondersteunings-geskenke. Kom ons gee vrymoedig met die liefde van Christus want dit maak regtig ‘n verskil. (Sien ook die berig hieronder oor die jeugaksie wat ook hiertoe gaan bydra.)

VANDAG: 11:00 - 12:00
Groot Jeugaksie vir al ons gemeente se kinders en jongmense!

Vandag hou ons gemeente se jeug ‘n GROOT PIEKNIEK. Al die voorskoolse kindertjies, laerskoolkinders en hoërskooljeug kom om 11:00 by die kerk saam. Ons gaan in drie groepe verdeel en daar gaan vir elke groep lekker aktiwiteite wees en sommer net saam kuier!

Daar sal ook iets te ete en te drinke wees vir die hongeriges en die dorses!

Terwyl die kinders buite besig is, kom die ouers in die kerk bymekaar vir ‘n toerustingsgesprek oor “Huisgodsiens” - hoekom en hoe?

Ons wil graag ‘n uitreik doen na die Potch Hospitaal se gesondheidswerkers en ons vra elke kind om ‘n klein sjokolade of pakkie koekies saam te bring vir die projek!
Ons vra ook die laerskoolkinders om van hulle inkleurgoed by die huis saam te bring vir die maak van kaartjies/boekmerke vir die gesondheidswerkers.

Ons vra al ons ouers se samewerking om die kinders asb te bring sodat ons gemeente se jeug ‘n slag lekker kan saamkuier - hulle is welkom om ook maats saam te bring!

VERJAARSDAE

Baie geluk aan almal wat DV hierdie week verjaar!

Sondag, 28 Februarie
Jsr Sandrie Olivier
Br Foesie Simon **(85)** 072 354 7439
Br Lou Venter **(73)** 082 566 5879

Maandag, 1 Maart
Sr Elsie Ferreira 072 449 1982

Woensdag, 3 Maart
Sr Aneen Labuschagne
Jbr Derick v Zyl

Donderdag, 4 Maart
Sr Sarita du Preez 082 375 0572

Vrydag, 5 Maart
Jsr Liz-mari JvRensburg
Sr Sanet Ras 083 232 8461

Saterdag, 6 Maart
Br Hendrik Riekert 082 444 3443

BYBELLEESPROJEK

Hierdie week maak ons klaar met die boek Numeri en dan begin ons met die boek Deuteronomium. In Hebreeus is die naam “Elega Devarim” - die vertaling kan dan letterlike gemaak word as “die is die woorde” of “hierdie is die woorde.” Dit kom van die eerste deel van die teks af, wat ingelei word met “hierdie is die woorde wat Moses gesê het.” Die Griekse naam vir die boek is “deuterovomion” - die woord beteken “die herhaal van die wet”, wat daarop dui dat die wet weer herhaal word in die boek. Die hele boek bevat nie die herhaling van die wet nie, maar wel die tien gebooie vir ’n tweede keer. Lees lekker saam met ons hierdie week die volgende tekste saam:

Maandag – Numeri 29:12 – 32:42
Dinsdag – Numeri 33:1 – 36:13
Woensdag – Deut. 1:1 – 2:37
Donderdag – Deut. 3:1 – 5:22
Vrydag – Deut. 5:23 – 8:20
Saterdag – Deut. 9:1 – 11:32
Sondag – Deut. 12:1 – 15:23

KENELKANDER 2021

Ons is reeds besig met die samestelling van die Kenelkander 2021.
Lidmate moet asb hulle name by die kerkkantoor (018 290 7690) opgee vir die bestel van ‘n Kenelkander.

TOTSIENS

Liewe gemeente,

Ons verhuis die week na George, waar ons ‘n nuwe fase van ons lewe gaan aanpak. Hierdie skrywe is net om vir elkeen wat ons lewens aangeraak het, baie dankie te sê. Dit was ‘n voorreg om vir 21 jaar lede van die Oos-Doppergemeenskap te kon wees.

Ds. Piet en Rieëtte – ons bure oorkant die pad – dankie vir julle bystand en meelewing, dit is altyd opreg waardeer. Rieëtte, voorspoed vir julle met die Kersmark, dit was net so lekker om deel van die komitee te kon wees.

Mag die Here se seën bly daal op al die Oos-Doppers.

Wees gegroet
Die Scheppels van 76 Rocherstraat.

BEROEPENUUS

Beroepe ontvang

- Proponent HC Andersen (Riaan) na GK Rooihuiskraal
- Ds RB Fourie (Reynold) van GK Bellville-Oos na GK Vanderbijlpark Trinitas
- Ds KP Steyn (Karel) van GK Vredenburg/Saldanha na GK Boksburg

ALGEMENE INLIGTING:

KENNISGEWINGBORD

- Tweeslaapkamer-tuinwoonstel te huur.
- Vakature: Administratiewe Buro, Registrateur van die Teologiese Skool. CV na wymiedup@gksa.co.za
- Tydelike halfdagpos beskikbaar: Hannelie Pieters Prokureurs: cv na hpieters63@gmail.com

WOW-HERWINNINGSPROJEK (WEN ONS WêRELD)

Papier, plastiek, karton, glas, blikkies en polistireen - *hoef nie gesorteer te wees nie, herwinningsitems moet wel in plastieksakke toegebind wees EN PLASTIEKBOTTELS MOET ASB PLAT GETRAP WORD*. **ASB GEEN huisafval nie!** Die glas/blikkies/plastiek moet asb **uitgespoel** wees.

LIEFDEGAWES VIR BARMHARTIGHEID (DIAKONIE)

ZAPPER (Selfoontoepassing)

Hierdie QR-simboolkode is gekoppel aan die Diakonie se rekening en slegs bydraes vir Barmhartigheid kan daarmee gemaak word - geen ander betalings aan die Diakonie of kerkraad nie.

KOLLEKTES VIR KERKVERBAND

Al die gemeentes in die kerkverband dra ook kollektes af vir besondere behoeftes in die kerke. Vandag se kollektes is vir **ons eie Diakonie.**

SOSIALE MEDIA VIR ONS GEMEENTE

WhatsApp: GK Potch-Oos nommer: 067 713 2332

Webblad: www.oosdoppers.co.za

Facebook: www.facebook.com/oosdoppers

Videos van elke erediens kan hier gesien word:

Facebookblad: Gereformeerde Kerk Potch-Oos, vir videos van preke by http://ow.ly/ivfZ309vsdc

Ds. Piet stuur weekliks sy preke per e-pos uit. Laat weet hom indien jy dit wil ontvang.

KONTAKBESONDERHEDE: PREDIKANT, HULPDIENS, KANTOOR EN KOSTER

Ds. Piet: 018 290 5635 / 082 779 1237

Hulpdiens: Ds. Pieter vd Walt - 082 851 3637
Erasmus Venter - 076 090 4459

Kerkkantoor: Adele - 018 290 7690 / 082 532 8658
kerkkantoor@oosdoppers.co.za

Koster: Dawie v Zyl - 082 774 7936

BANKBESONDERHEDE

Geref. Kerk Potchefstroom-Oos
ABSA Bank
Tjekrek: 670 340 066
Takkode: 632-005

Diakonie
ABSA Bank
Tjekrek: 670 280 160
Takkode: 632-005

Susters
Capitec Bank
Spaarrek: 145 652 5695
Takkode: 470-010

SUSTERS IN DIE GELOOF

HOOP IN 'N WÊRELD WAT MET HOPELOOSHEID GEVUL IS.

1 PETRUS 1: 3-4 "...NOU HET ONS 'N LEWENDE HOOP...."

Sustersbydrae

Die susters se fondse word uit elke suster se vrywillige bydrae (R150 per jaar) verkry, asook uit die fondse wat tydens fondsinsamelingsgeleenthede geïn word. Hierdie geld word gebruik om na minderbevoorregtes uit te reik en daar word jaarliks aan verskillende verdienstelike instansies, donasies gegee.

Dankie vir die susters wat op gereelde basis 'n bydrae vir hierdie werk gee.

Nagmaalete: 28 Maart

Anna Smith en die susters van Blok B nooi die gemeente na 'n heerlike nagmaalete in die vorm van 'n piekniek! Omdat ons beperk is tot 100 persone buite, vra ons dat u so gou moontlik u plek by die kerkkantoor (018 290 7690) bespreek.

Spyskaart: Hoenderpastei, Frikadelle, wortelslaai, aartappelslaai, broodrolletjies en nagereg.

Kostes: R40 p/persoon

Blikkies-Warmharte

Die doel van die blikkies (wat jy in die voorportaal van die kerk kan kry) is dat almal hulle lastige kleingeld in 'n blikkie sal gooi en die vol blikkie dan in die voorportaal van die kerk sal neersit. Die geld word dan gebruik om blomme of iets toepaslik aan te koop vir iemand wat deur beproewing gaan.

Baie dankie vir julle getroue bydraes!

Baie dankie

Baie dankie Elsie en die susters van Blok D vir 'n spesiale kuier-aand saam met Retha Serfontein

Oosdoppertjies

Johannes 3:16

Want so lief het God die wêreld gehad, dat hy sy enigste Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe mag hê.

PARADYS VERLORE

Eerste egpaar dramaties verhoor en uit God se tuin verdryf

EDEN. - Die tuin van Eden het gisteraand met groot hartseer afskeid geneem van 'n bekende en beminde egpaar, Adam en Eva. Hulle vertrek kom aan die einde van 'n dramatiese dag wat die fondamente van die ganse skepping tot in sy wortels geskud het. Na hulle ongehoorsaamheid vroeër die dag, toe hulle van die verbode vrugte geëet het, waaroor ons gister berig het, het daar gisteraand 'n summiere verhoor plaasgevind toe God sy tuin besoek het. Adam en Eva is albei skuldig bevind, maar hulle is nie, soos aanvanklik verwag is, tereggestel nie.

In sy uitspraak het God met diepe hartseer, maar ook baie beslis, vir hulle uit die tuin verdryf. Dit is nog onbekend wat nou van hulle gaan word, aangesien die wêreld buite die tuin geensins so vriendelik teenoor hulle sal wees soos wat hulle in Eden gewoond was nie.

'n Betraande Eva wou nie veel oor die voorval sê nie, behalwe dat die soet vrug 'n baie wrang smaak in haar mond agtergelaat het. "Dit was nie die moeite werd nie," het sy gesê.

Lees hiervan in Gen. 3: 23-24

Bron: Die Bybelkoerant

BAIE DANKIE AAN ONS BORG VAN DIE WEEK!

Sanet Ras Prokureurs

OPSTEL VAN TESTAMENTE.

BEREDDERING VAN BOEDELS.

ALLE EIENDOMSTRANSAKSIES.

Van Riebeeckstraat 101, Potchefstroom
Tel: (018) 294-8953 k/u